

Mev Angie Motshekga
Minister van Basiese Onderwys



Mnr Enver Surty
Adjunkminister van Basiese Onderwys

Hierdie Werkboek vir Afrikaans Eerste Addisionele Taal (EAT) is die jongste toevoeging van die Departement van Basiese Onderwys se reeks Reënboog Werkboeke. Die EAT-boeke is 'n belangrike verryking van die reeks en stuur die Departement se beleid ten opsigte van addisionele tweetaligheid.

Kinders begin hul addisionele taal Afrikaans in Graad 4 as hul taal van onderrig en leer (TvOL) gebruik. Die oorskakeling van leer in hul huistaal na leer in 'n tweede taal beteken dat kinders teen die einde van Graad 3 'n hoë vlak van bevoegdheid in Afrikaans moet bereik ten einde Afrikaans in Graad 4 goed te kan lees en skryf. Die Reënboog Werkboeke, wat vir Graad 1 tot Graad 6 in die 11 amptelike tale verskyn het, help leerders om 'n sterk geletterdheidsgrondslag neer te lê waarop hulle kan voortbou wanneer hulle 'n addisionele taal aanleer.

Die nuwe EAT-Werkboeke begin in Graad 1 met die lê van 'n stewige mondelinge grondslag om leerders in staat te stel om Afrikaans in Graad 1 en 2 om later te lees en te skryf.

Die skoolkurrikulum stel egter spesifieke taaleise, en vereis dat leerders 'n spesiale taaltyd vir leerdoelwitte moet gebruik, dit wil sê wanneer hulle skooltaksie lees, akademiese tekste skryf, na onderwysers luister en aantekenings maak, groepwerk doen, kaarte en grafieke gebruik, opstelle skryf, en so meer. Ons het hier probeer om die leerder se begrip en gebruik van akademiese taal (hul kognitiewe akademiese taalbevoegdheid) te ontwikkel, sodat hulle die gespesialiseerde taal sal kan gebruik wat hulle nodig sal hê wanneer hulle hul ander vakke deur middel van Afrikaans leer.

Ons het baie metodes en tegnieke ingebou om leerders te help om die woordigheid om te leer wat hulle in die grondslag- en intermediêre fase nodig sal hê. Ons hoop dat onderwysers dit as 'n vertrekpunt vir innovering in hul onderrig van Afrikaans sal gebruik. Ons hoop ook dat die kinders dit net sowel sal geniet om hierdie Werkboeke deur te werk as wat ons dit geniet het om hulle saam te stel.

Ons wens u alles van die beste in die ontwikkeling van u leerders se taalvaardighede toe, met die hoop dat die leerders Afrikaans goed genoeg onder die knie sal kry om dit by die leer van hul ander vakke te gebruik.

Werkboeke beskikbaar in die hierdie reeks:

- *Geletterdheid / Huistaal Graad 1-6 (In al die amptelike tale)*
- *Wiskunde Graad 1-3 (In al die amptelike tale)*
- *Wiskunde Graad 4-9 (In Engels en Afrikaans)*
- *Lewensvaardighede Graad 1-3 (In al die amptelike tale)*
- *Eerste Addisionele Taal Graad 1-3 (In Engels, Afrikaans, Sepedi en isiZulu)*
- *Eerste Addisionele Taal Graad 4-6 (In Engels en Afrikaans)*



PLANKERBOEK
Plak die plakkers op die regte plekke

Rainbow WORKBOOKS

FIRST ADDITIONAL LANGUAGE - AFRIKAANS
GRADE 1 – TERM 1 - 2

ISBN 978-1-4315-0683-5

THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.



basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

AFRIKAANS

AFRIKAANS


Eerste Addisionele Taal

Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
Second edition published in 2012

ISBN 978-1-4315-0683-5

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity



AFRIKAANS

Eerste addisionele taal

Kwartaal 1 & 2

1 Hallo, wat is jou naam?

praat

Kyk na die prentjie en gesels oor wat die kinders doen.

kat

swaai

Hallo Thandi

Hallo Ken.
Hallo Jabu.
Hallo Ann.

Tot siens.



Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Sê dan wat elke prentjie is.

boom

son

Kan jy Tom die kat op elke bladsy kry?

voël

nana

seun

meisie

vlieër

bal

glyplank

My naam is Jan.

blom

Oefen in pare

seun

meisie

Hallo, wat is jou naam?

My naam is _____.

Tot siens.

Sien jou môre.

2 My naam is ...



Loop en praat. Vra 5 maats.





Hallo. wat is jou naam?

My naam is Jabu.





Doen dit.

Omkring die seuns in blou en die meisies in rooi.


Hy is 'n seun. Sy is 'n meisie.

seun

meisie




Omskryf Sê wat elke prentjie is.
Omkring die prentjie in elke ry wat nie inpas nie.



diere
vrugte
kinders

Omskryf Sê wat elke prentjie is en voltooi dan die patroon.



3 My verjaarsdag




ns praat

Kyk na die prentjie en gesels met jou maat daaroor.




koekies

sap





lekkergoed





Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Sê dan wat elke prentjie is.

kerse


ballonne

geskenk

koeldrank

tafel

hoed



Getalle van 1 tot 10

1	een	★
2	twee	★★
3	drie	★★★
4	vier	★★★★
5	vyf	★★★★★
6	ses	★★★★★★
7	sewe	★★★★★★★
8	agt	★★★★★★★★
9	nege	★★★★★★★★★
10	tien	★★★★★★★★★★

4 Hoe oud is jy?



Jou praat Tel in Afrikaans. Gebruik jou plakkers om die getalle wat weggelaat is, te voltooi.





Luister en herhaal



Wat is jou naam?

My naam is Anita.

Hoe oud is jy?



Ek is 7 jaar oud.



Loop en praat Vul jou naam en ouderdom in. Vra vir 5 maats dan die vrae in rooi.



Hallo, wat is jou naam?

• naam is



oe oud is jy?

Ek is jaar oud.



Ons skryf Teken die kerse om te wys hoe oud jy is.

My naam is Jabu.
Ek is 6 jaar oud.





Ons skryf

Skryf jou naam.

Skryf hoe oud jy is.

a b c d e f g h i j k l m
n o p q r s t u v w x y z


1 2 3 4 5 6
7 8 9 10

5 Getalle



Ons skryf

Sê die naam van die getal. Trek dan 'n streep van elke getal na die regte getal prentjies.













1
2
3
4
5
6
7
8
9
10











luister en herhaal

oor

kop

oog

neus

mond

arm

hand

rug

vingers

liggaam

been

tone



Ons sing





Kop, skouers,
knieë, tone, knieë, tone.
Kop, skouers,
knieë, tone, knieë, tone.
Oë en ore, mond en neus,
mond en neus
Kop, skouers,
knieë en tone, knieë en tone.





Nommers



Ons doen

Teken jouself.
Wys vir jou maat jou tekening.
Wys na die oë, neus, mond, bene, arms, vingers en tone in jou tekening.

Dit is ek . . .





Oefen in pare

Wys na jou tekening en sê:



Dit is my been.
Dit is my oog.
Dit is my _____.



luister en herhaal



Een, twee ...

Een, twee sien die see.

Drie, vier daar is 'n mier.

Vyf, ses hy maak sy nes.

Sewe, agt ons sit en lag.

Nege, tien hulle sal my sien.









luister en herhaal

Ek het 1 mond.

Ek het 2 bene.

Ek het 2 oë.



Ek het 2 arms.



7 Klere

mp

praat Kyk na die prentjie en gesels daaroor.

stewels

Karel

Jabu

Anita

T-hempie

serp

baadjie

Nomsa

sweetpak



Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Sê dan wat elke prentjie is.

das

rok

romp

jas

denimbroek

kortbroek

Jan

seun

pet

sokker



Ons leer

Kyk na die prentjie en gesels oor wat die kinders aan het.

- Wat het Karel aan?
- Wat het Nomsa aan?
- Wie het klere vir koue weer aan?
- Watter kleur is Anita se bloes?
- Watter kleur is Jan se hemp?
- Wat dra jy wanneer jy swem?

8 Klere en kleure



Ons skryf

Kyk na die klere. Sê wat dit is. Omkring die regte getal en kleur elke ry in. Sê dan die naam van die getal en die kleur.



2 blou sokkies

1 2 3 4 5



3 groen hemde

1 2 3 4 5



4 geel hoede

1 2 3 4 5



5 bruin skoene

1 2 3 4 5



1 rooi rok

1 2 3 4 5





Ballonne rooi,
ballonne blou,
ballonne groen
en geel onthou..

Ballonne rooi,
ballonne blou,
ballonne groen
en geel, onthou ...





Teken.



2 rooi sokkies

3 blou skoene

9 Klere en kleure



Ons skryf

Volg die lyn van elke ballon na elke kind.
Sê vir jou maat watter kleur elke ballon is.





Ons praat

Wys na die verskillende dinge in jou klas en vra jou maat.



Oefen in pare

Sê vir jou maat watter kleure dit is.



Blou | Rooi | Geel | Groen | Oranje



Pers | Pienk | Bruin | Swart



Ons doen

Kyk na die prentjies van Nomsa en Karel.
Watter klere het hulle in elke prentjie aan?
Van watter klere hou jy?



Ons doen

My gunsteling kleur is





1



2

10 Seuns, meisies en apies



Luister en herhaal





Jou prooi

Wys nou na elke prentjie en sê:

Hy is ...

Sy is ...

Dit is ...





Kop en praat

Vra 5 maatjies wat hul name is en hoe oud hulle is. Sê:

Hoe oud is jy?

Hallo, wat is jou naam?

Ek is _____.

My naam is _____.





Sy is 'n meisie.



Ons sing



Hy is 'n seun.



Vyf klein apies spring op die brug
Een val af en val op sy rug
oep die dokter, die dokter kom teru
lokter sê geen ander apies op die br

Vier klein apies spring op die brug.
Een val af en val op sy rug
oep die dokter, die dokter kom teru
lokter sê geen ander apies op die br

Drie klein apies spring op die brug.
Een val af en val op sy rug.
oep die dokter, die dokter kom terug.
lokter sê geen ander apies op die brug.







Twee klein apies spring op die brug.
Een val af en val op sy rug.
Ma roep die dokter, die dokter kom teru
Die dokter sê geen ander apies op die br





Een klein apie spring op die brug.
Sy val af en val op haar rug.
Ma roep die dokter, die dokter kom teru
Die dokter sê geen ander apies op die br



My familie



praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.

potplant

koppie

glas

piering

horlosie

yskas

maat

wasbak

kas

koppie

vrugte

stoel

vloer

Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Sê wat elke prentjie is.

piesang

appel

eier

oond

kastrol

melk

lepel

bord

kombuisgereedskap

bakkies

sout

vurk

mes

stoof

ouma

Ons praat

Dit is die mamma.

Dit is die pappa.

Dit is _____.

Dit is 'n kastrol.

Dit is 'n glas.

Dit is 'n ____.

sketelgoedseep

Ons leer

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.

- Wat eet hulle?
- Wie kook?
- Wat doen die baba?
- Hoeveel seuns is daar?
- Hoeveel meisies is daar?

12 My gesin



Dra teken Teken 'n prentjie van jou gesin.


Dit is my gesin.





ister en herhaal

Hoeveel broers en susters het jy?



ma

pa




suster



baba



broers



ouma



s praat

Sê vir jou maat wie in jou tekening is. Sê:

Dit is my ma.
Dit is my pa.
Dit is my broer.
Dit is my suster.
Dit is my ouma.
Dit is my maat.
Dit is ek.



Kyk na jou maat se tekening en vra hom of haar:



Wie is dit?




Ons leer

Kyk na die prentjies en gesels daaroor.

- Wys na die pa.
- Wys na die ma.

13 Ek hou myself skoon

Ons praat Kyk na die prentjie en gesels daaroor.



Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke in. Sê wat elke prentjie is.

tandeborsel

prop

wasbak

snesies

haaropknapper

sjampoe

kraan

seep

toiletpapier

Ons praat

Trek die woorde na en soek elke ding dan in die groot prent.

japon

stort

toilet

Dit is 'n borsel.
Dit is 'n ....

borsel

kraan

handdoek

prop

tandeborsel

stort

14 Ek was myself



Ons doen

Nommer die prentjies in die regte volgorde van 1 tot 5.
Sê vir jou maat wat in elke prentjie gebeur.



was




uittrek



droogmaak



aantrek



speel

Oefen in pare

Kyk na die prentjies en gesels daaroor. Sê:











Hy was.
Hy trek aan.
Hy borsel sy tande.
Hy borsel sy hare.



Ons doen

Wys jou maat hoe jy jou hare of jou tande borsel.
Sê:

Ek borsel my tande.



Ek borsel my hare.



Ons skryf



Wat kan jy doen?
Laat jou onderwyser afmerk wat jy kan doen.

Ek kan ...

Ek kan my hare borsel.	✓
Ek kan myself aantrek.	✓
Ek kan myself was.	✓
Ek kan my tande borsel	✓
Ek kan my skoene vasmaak.	✓

15 By die huis



Ons praat

Kyk na die prent en gesels daaroor.





dak

spieël

toilet

bad

badkamer

gordyne

stoof

tafel

kombuis

lamp

TV

sitkamer

Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke in. Sê wat elke prentjie is.

koppie

stoof

stoel

yskas

TV

kastrol

rusbank

tafel

venster

gordyne

glas

stoel

slaapkamer

venster

rusbank

Ons praat

Vra jou maat om vir jou te sê in watter kamer die verskillende goed is.
Sê:

Waar is die teddiebeer?
Die teddiebeer is in die slaapkamer.

Waar is die bad?
Waar is die kat?
Waar is die stoel?
Waar is die TV?
Waar is die kraan?

16 Wat ons by die huis doen

Ons praat Kyk na die prent en gesels daaroor.

Luister en herhaal



Hy was homself.
Sy lees.
Hy slaap.
Sy maak skoon.
Hy meng.
Hy eet.




Oefen in pare Sê vir jou maat wat hulle doen.




Hy hardloop.



Sy meng deeg.



Hy eet.



Sy vee.



Hy slaap.



Hy kyk TV.



Hulle hang die wasgoed op.

So doen ons dit



Dis hoe ons ons klere was,
Klere was, klere was,
Dis hoe ons ons klere was,
Op 'n Maandagmôre.



Dis hoe ons ons klere stryk,
Klere stryk, klere stryk,
Dis hoe ons ons klere stryk,
Op 'n Dinsdagmôre.



Dis hoe ons ons huis uitvee,
Huis uitvee, huis uitvee,
Dis hoe ons ons huis uitvee,
Op 'n Woensdagmôre



Dis hoe ons ons potte was,
Potte was, potte was,
Dis hoe ons ons potte was,
Op 'n Donderdagmôre.



Dis hoe ons ons huis skoonmaak,
Huis skoonmaak, huis skoonmaak,
Dis hoe ons ons huis skoonmaak,
Op 'n Vrydagmôre



Dis hoe ons ons koekies bak,
Koekies bak, koekies bak,
Dis hoe ons ons koekies bak,
Op 'n Saterdagmôre.



Dis hoe ons dan kerk toe gaan,
Kerk toe gaan, kerk toe gaan,
Dis hoe ons dan kerk toe gaan,
Op 'n Sondagmôre.

17 Groente en vrugte



Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.






appel



lemoen



Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke in. Sê wat elke prentjie is.

Ons praat


Van watter vrugte hou jy?
Van watter groente hou jy?
Watter vrugte en groente eet jy nie graag nie?
Watter groente en vrugte is geel?
Watter groente en vrugte is groen?
Wat is die ruspe besig om te eet?



kool



uie






piesangs

spinasie



wortels





druiwe

pampoen






beet

tamaties





groen boontjies

18 My gunsteling kos

Ons skryf Maak 'n regmerkie by die kossoorte waarvan jy hou.

Ek hou van ...

	✓		✓		✓
	✓		✓		✓
	✓		✓		✓

Ons praat Vertel jou maat.

Ek hou van _____.

Ek hou nie van _____ nie.




Ons teken

Teken 'n vrug waarvan jy hou.

Teken een groentesoort waarvan jy nie hou nie.

Ons doen

Trek die lyne na om uit te vind van watter vrugte hulle hou. Sê dan:



Karel hou van ...
Nomsa hou van ...





druiwe | lemoene | appels | pruime | piesangs | wortels | perskes

19 Ons gaan winkel toe



Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.



tee

appel





Luister en herhaal

aartappelskyfies

lekkergoed

Nomsa en Jan gaan winkel toe.
Hulle wil melk koop.

Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke in. Sê wat elke prentjie is.

mieliemeel

sokkies

melk

suiker

sambreel

olie

geld

beursie

lemoen

piesangs

tamaties

paraffien

Ons doen

Speel winkel-winkel met jou maatjie. Sê:

Kan ek asseblief ... kry?

Hoeveel kos dit?

Luister en herhaal

Kan ek asseblief 'n appel kry?

Kan ek asseblief 'n lemoen kry?

Kan ek asseblief 'n piesang kry?

Kan ek asseblief 'n lekker kry?

20 Ons koop klere

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.



Hoeveel kos dit?











Luister en herhaal

Nomsa wil graag 'n  hê.



Kan ek asseblief 'n  kry?

Anita wil graag 'n  hê?

Kan ek asseblief 'n  kry?



Ons skryf

Kleur die prentjie in.

1 =
2 =
3 =
4 =



Ons skryf

Teken 'n prentjie van jou gunstelingklere.
Vertel jou maat watter kleure die klere is.
Is dit vir warm of koue weer?



My gunsteling klere

21 Ek gaan skool toe

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.

motor

skooltas

seun

skool

Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke in. Sê wat elke prentjie is.

Ons praat

Hoe kom die kinders by die skool?
Hoe kom jy by die skool?

Ek loop skool toe.
Tom kom met die bus skool toe.





motorfiets






bus

fiets

meisie

trein



juffrou

taxi

22 Hoe ek skool toe gaan

Ons doen Trek die woorde na en plak die plakkers op die regte plekke in.






bus	taxi	fiets	motor

Luister en herhaal



Tom kom skool toe met 'n .

Nomsa kom skool toe met die .

Jabu kom skool toe met 'n .

Karel kom skool toe met 'n .

Ons praat Vra 5 maatjies.



Hoe kom jy by die skool?
Ek kom skool toe met die bus.
Ek kom skool met _____.





Die wiele van die bus draai om en om,

om en om, om en om.

Die wiele van die bus draai om en om,

Die hele dag lank.

Die ruitveërs van die bus maak swiesj swiesj swiesj,

swiesj swiesj swiesj, swiesj swiesj swiesj,

Die ruitveërs van die bus swiesj swiesj swiesj,

Die hele dag lank.

Die toeter van die bus maak toet toet

toet,

toet toet toet,toet toet toet,

Die toeter van die bus maak toet toet

toet,

Die hele dag lank.

23 Padveiligheid

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.



Ons praat

Waar behoort jy die pad oor te steek? Wanneer mag jy by 'n verkeerslig oorsteek?




Ons teken Teken 'n prentjie om te wys hoe jy skool toe kom..

Ek kom skool toe met

.....




Ons doen Kleur die verkeerslig in. Gebruik hierde kleure.




Ek gaan staan wanneer die verkeerslig rooi is.
Ek kyk links en regs en dan weer links.

1 = rooi
2 = oranje
3 = groen




stop	versigtig	gaan

24 Ons steek 'n pad oor



Ons doen Doen wat Anita doen.



Kyk links.
Kyk regs.
Kyk weer links.
As dit veilig is, kan jy die pad oorsteek.







Ons praat

Wat sê die padtekens vir ons?












Ons praat

Watter padtekens is rond ●?
Watter padtekens is vierkantig ■?
Watter padtekens is driehoekig ▲?

Ons doen

Gebruik jou plakkers om die prentjie te voltooi.



Luister en herhaal


Plak die plakkers op die regte plekke in. Sê watter kleur elke vorm is.

Dit is 'n vierkant.		Dit is vierkante.	
Dit is 'n driehoek.		Dit is driehoeke.	
Dit is 'n sirkel.		Dit is sirkels.	

25 Wat ek in die klas doen

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.
Wat doen die kinders?
Wat doen jy by die skool?



Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Sê wat elke prentjie is.

Sy verf iets.
Sy knip iets uit.
Hy skryf.



boek





liniaal



verf



potlode



pen



pen



vetkryt



My naam is Anita


skryfwerk

verfkwas



stoel

papier





tafel






knip

teken

verf





skryf

gom






skêr

26 My skooltas




Ons doen

Kyk na die prentjies en sê vir jou maat wat gebeur.




skooltas

A




B



C





Ons praat

Noem al die dinge op wat uit Jabu se skooltas geval het.

Ons praat



Dit is my potlood. My potlood is rooi.



Dit is my boek. My boek is blou.



Dit is my liniaal. My liniaal is geel.

Ons skryf

Trek die woorde na.

potlood

boeke

liniaal

skooltas

gom

skêr

pen



Ons skryf

Wat kan jy doen? Maak 'n regmerkie langs die dinge wat jy kan doen.

Ek kan ...

Ek kan my naam skryf.	✓
Ek kan prentjies uitknip.	✓
Ek kan teken.	✓
Ek kan prentjies verf.	✓
Ek kan lees.	✓

27 Ek hou daarvan om met my maats te speel



Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.
Wat doen die kinders?
Hoe speel julle by die skool?



praat

hang

klim

netbal

gooi

vang

Anita

touspring

hardloop

Jabu

sokker

Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Sê wat elke prentjie is.

Ons praat


Watter speletjies speel die kinders?
Wat doen Jabu?
Wat doen Anita?
Wie spring tou?
Wie spring op en af?
Wie hardloop?
Watter speletjies speel julle by die skool?
Is die kinders gelukkig?
Wat maak jou gelukkig?



glyplank


touspring


spring


hop


skop


sing


swaai

28 Die speletjies wat ons speel

Ons skryf Teken 'n prentjie van jou gunstelingspeletjie.

My gunstelingspeletjie is ...

Loop en praat Vra 5 maats wat hul gunstelingspeletjies is. Sê:



Ons praat

By watter sportsoorte word hierdie dinge gebruik?

tennis | rugby | swem | netbal | atletiek | sokker




Ons sing



Twee ogies

Ek het twee ogies om mee te sien,
Ek het twee voetjies om mee te loop,
Ek het twee handjies om te klap
tot tien,
Ek't net een neusie en hy's nie
te koop.
Ek het twee ore om mee te hoor,
ouma Lien,
En 'n mondjie om te sê "lief vir jou",
oupa Joop.



Ons skryf

Kleur die sterre in as jy hierdie dinge kan doen..

skop 

touspring 

op en af spring 

klap 

hop 

loop 

rol 

gooi 

hardloop 

Ons oefen

Ons doen Vertel jou maat wat in elke prentjie gebeur.





Ons doen Help elke kind om by die huis uit te kom.



Ons skryf

Teken 4 prentjies om te wys wat jy voor skool in die oggend doen.

Ek word wakker.

Ek was myself.

Ek trek aan.


Ek gaan skool toe met _____.

Luister en herhaal

Vra 5 maats wat hulle voor skool in die oggend doen.



Ons oefen





Ons skryf

Teken hierdie prentjies.

Teken 'n vrolike gesig.

Teken 'n treurige gesig.




Ons doen

Sê vir jou maat watter dier lank, kort, groot of klein is.

Lank of kort



Groot of klein





As jy bly is en jy weet dit, klap jou hande.
As jy bly is en jy weet dit, klap jou hande.
As jy bly is en jy weet dit
en jy wil dit regtig wys,
as jy bly is en jy weet dit, klap jou hande.
As jy bly is en jy weet dit, stamp jou voete.
As jy bly is en jy weet dit, stamp jou voete.
As jy bly is en jy weet dit
en jy wil dit regtig wys,
As jy bly is en jy weet dit, stamp jou voete.
As jy bly is en jy weet dit, knik jou kop.
As jy bly is en jy weet dit, knik jou kop.
As jy bly is en jy weet dit
en jy wil dit regtig wys,
As jy bly is en jy weet dit, knik jou kop.
As jy bly is en jy weet dit, draai om en om,
As jy bly is en jy weet dit, draai om en om.
As jy bly is en jy weet dit
en jy wil dit regtig wys,
As jy bly is en jy weet dit, draai om en om.



31 Diere



Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.
Watter troeteldier het elke kind?

papegaai

apie

Pieter

Jabu

Vera

Jan

kat

hasie

hamster

Nomsa

voël

hond

Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke in. Sê wat elke prentjie is.



hasie

hamster



hond




kosbak

akkedis



kat






slang




Anita

vis

muis





vis

voëlkou





Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.

Watter diere sien jy?
Watter troeteldiere het jy?
Watter troeteldier het Jan?
Watter troeteldier het Pieter?
Watter troeteldier het Nomsa?



Hoe moet ons vir ons troeteldiere sorg?

32 Van watter troeteldiere hou jy?



Loop en praat

Vra 5 maats van watter troeteldiere hulle hou.
Sê:



Hou jy van voëls?



Hou jy van visse?



Hou jy van honde?



Hou jy van katte?



Hou jy van hasies?



Hou jy van hamsters?





Luister en praat

Watter troeteldiere het jy?

Ek het 'n vis.



Ek het 'n hamster.



Ek het 'n hond.



Ek het 'n hasie.







Ek het 'n voël.



Ek het 'n kat.

Ons doen

Sê die woord en trek dan 'n streep van die woord na die regte prentjie.

op onder in langs



Luister en herhaal




in	op	onder	langs


33 Plaasdiere



Ons praat

Watter diere sien jy in hierdie prentjie?
Maak die klank wat elke dier maak.
Wys jou maat die mammadiere en die babadiere.
Wys na die prentjie en sê watter diere groot is en watter klein is.





Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke in. Sê wat elke dier is.



boer

seun

trekker

mielie

kalf

koei

perd

skaap

vark

donkie

hen

haan

kuikens

eend


boklam

vark

perd

34 Ou oom Japie het 'n plaas

Luister en sê Vra 5 maats van watter diere hulle hou. Sê:




Ek hou van koeie.


Ek hou van perde.

Ek hou van skape.

Ons doen Trek 'n streep om te wys wat ons van elke dier kry.

hoenders skape bye koeie






Ou oom Japie het 'n plaas

Ou oom Japie het 'n plaas, hie haai hie haai ho,
En op die plaas is daar 'n koei, hie haai hie haai ho,
Daar's 'n moe-moe hier en 'n moe-moe daar,
hier 'n moe, daar 'n moe, oral is daar moe-moe.
Ou oom Japie het 'n plaas, hie haai hie haai ho!

Ou oom Japie het 'n plaas, hie haai hie haai ho,
En op die plaas is daar 'n hond, hie haai hie haai ho,
Met 'n woef-woef hier en 'n woef-woef daar,
hier 'n woef, daar 'n woef, oral is daar woef-woef.
Ou oom Japie het 'n plaas, hie haai hie haai ho!

Ou oom Japie het 'n plaas, hie haai hie haai ho,
En op die plaas is daar 'n perd,
hie haai hie haai ho,
Daars 'n ie-ie hier en 'n ie-ie daar,
hier 'n ie, daar 'n ie, oral is daar ie ie.
Ou oom Japie het 'n plaas, hie
haai hie haai ho.



35 Wilde diere




Ons praat


Kyk na die prentjie en gesels daaroor.
Watter geluide maak hierdie diere?
Hoeveel apies kan jy kry?
Sê vir jou maatjie waar hulle is.
Gebruik woorde soos op, in en onder.



voël

seekoei






Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Sê wat elke prentjie is.




sebra





boom




olifant

luiperd






renoster



kameelperd



bok




leeu



skilpad



apie



krokodil


muis

36 Wat is hierdie klanke?



Ons skryf

Sê die woord en luister na die klank.
Trek nou die letter na.



bus




kat



seep



voël



wortel




ster



seun



kar



slang



ballonne




koek



sokker

Ons skryf

Verbind die kolletjies van 1 tot 10.
Sê die getalle in Afrikaans.



Ons skryf

Wat kan jy doen?
Maak regmerkies langs die dinge wat jy kan doen..

Ek kan ...

Ek kan my naam skryf.	✓
Ek kan 'n skêr gebruik.	✓
Ek kan teken.	✓
Ek kan verf.	✓
Ek kan lees.	✓

Luister en herhaal

Waar is die eend?



in	op	onder

37 Groot en klein

Ons teken

Teken 'n klein diertjie.

Teken 'n groot dier.

Luister en sê

Die kameelperd het 'n lang nek.


Die sebra het strepe.

Die leeu het groot tande.

Ons praat

Noem nog groot diere.
Noem nog klein diertjies.
Watter dier staan die hoogste?

Luister en herhaal




lank



lank

kort



groot

klein



kort



Ons teken

Teken iets wat klein is.

Teken iets wat groot is.

Teken iets wat kort is.


Teken iets wat lank is.

Ons oefen



Ons skryf

Sê wat jy in elke prentjie sien.
Tel hoeveel daar is, en vul die getal in.
Onthou om in Afrikaans te tel.























Ons skryf

Omkring die prentjies wat nie in pas nie. Trek dan 'n streep na die woord wat sê wat die ander ding is.



groente

vrugte

klere

vervoermiddels

diere


Ons praat

Vra 5 maats.




Die kouende ruspe





Maandag was daar 'n klein ruspetjie op die blaar. Hy het 1 groen blaar geëet.

Dinsdag het die ruspe 2 rooi appels geëet.



Binnekort sal daar baie babaruspes wees.




Toe het die pragtige vlinder baie eiertjies gelê.



Sondag het die ruspe in 'n pragtige vlinder verander.





3

Woensdag het die ruspe 3 groen pere geëet.

4



Donderdag het die ruspe 4 blou druiwekorrels geëet.



Vrydag het die ruspe 5 geel piesangs geëet.

5

6



Saterdag was die ruspe baie, baie vet.



Wel gedaan!

Jy kan nou baie dinge doen . . .

Naam: _____

Datum: _____

STICKERS

























































25
26
27
35
30
31
39
38
40
42
43
44
46
48
STOP
60

49




50



51





52



62



55



63





66



70





67



71















a	b	c	j	k	l	s	t	u	a	l	a	t
d	e	f	m	n	o	v	w	x	e	i	e	i
g	h	i	p	q	r	y	z	a	o	n	o	n



